

### ***Ons kinders en God se genade***

Kinders is die volgende geslag gelowiges. As ons ons roeping teenoor hulle versaak, kan ons die oorsaak wees dat hulle hulle rug op die kerk en die Here draai.

Onderrig aan ons kinders begin by die groot gebod: *Die Here is ons God, Hy is die enigste Here.* Maar hoe leer jy dit aan jou kind? Hoe sê jy vir hom/haar waarom die Here gedien moet word?

Moet tog nooit motiveer met die uitspraak: Die Here sal jou straf, nie. Vir Israel sê die Here in die hoofstuk net na Hy die Tien Gebooe gegee het: *Wanneer jou seun jou in die toekoms vra... moet jy antwoord: Ons was in Egipte... slawe, en die Here het ons daar deur sy magtige dade bevry.* Die Here openbaar Hom in redding aan ons. Vandag weet ons dat sy volle openbaring is dat Hy ons losgekoop het met die bloed van sy Seun. Hy het Jesus Christus in ons plek gestraf en straf ons nooit meer nie.

Jy leer jou kind dus: Ons gaan getrou eredienste toe, want die Here het ons gered. Ons lewe volgens die Woord van die Here, want Hy het ons verlos. Ons lewe, want ons behoort reeds aan die Here. Dit is dié God wat ons leer ken het en wat ons aan ons kinders moet oordra. En dan nie "n *Liewe Jesus'* nie, maar die Here, ons Vader en Here Jesus Christus in sy Gees.

Die beginsel hieragter is dit: Die Here het ons eerste liefgehad. Hy gee sy gebooe omdat Hy ons verlos het. Israel ontvang 'n reeds opgeboude land. Die Here het besluit om dit aan hulle te gee nog voordat hulle sy Tien Gebooe gehad het. Hy red hulle eers, en sê dan: *Luister Israel...* Hy gee sy Seun nog voordat ons gelewe het en sy gebooe geken het. Kind, jy behoort aan die Here, daarom is jy gedoop. Jy is nie onder druk deur jou godsdiens nie. Belydenis en suiwerheid maak vry in Jesus Christus. Sy wet gee Hy nie om jou te onderdruk nie, maar om jou in sy genade te behou.

Ouers, praat met u kinders oor die uitverkiesende genade, die doop, die liefde van God. Doen dit as u op die pad is, lang tye saam in die motor. As julle gesels en kuier tuis. Eers as mense die Here liefhet, kan hulle Hom werklik dien en sy gebooe hou. Wetsgehoorsaamheid sonder die liefde van Jesus Christus bring niemand nader aan die Here nie; intendeel. En die plek waar dit gekweek word is die huis.

Die Here het ons lief. Mag Hy ook ons kinders behou volgens sy belofte.